

28 Julie

'n Geseënde huwelik vir dié wat die HERE dien

Skrifgedeelte: Psalm 128 (NAV)
Fokusgedeelte: Psalm 128:3

Godsdiens beteken presies wat die woord sê: *diens aan God; werk vir die Here*.

In Genesis 1:26 lees ons: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld ... sodat hy kan heers ...” het God gesê. Die mens het, behalwe die taak om te heers, ook die taak om God se beeld die wêreld in te dra (sy verteenwoordiger te wees). Met sy Godsdiens (diens aan God) toon hy aan die wêreld Wie God is. Daarom *kan* hy nie anders nie: Hy MOET die Here dien. God het hom daarvoor geskep. 'n Godsdienstige mens besef ook sy plig teenoor God as gevolg van dankbaarheid vir sy redding in Jesus Christus.

Dit is vir die Here belangrik dat die mens Hom dien. Daarom *seën* Hy hulle wat Hom dien. “Dit gaan (dus) *goed* met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.” Jy word geseën in jou werk en in jou huis. In jou huis *veral* vind jy huweliksvreugde. “Jou vrou is soos 'n vrugbare wingerdstok ... jou kinders soos olyfboomplante ...

Dit gaan egter om meer as net kinders. Dit gaan om 'n volkome lewe in die huisgesin. Die man/vrou wat die Here dien en deur Hom geseën word, sal Psalm 128 (berymd) se huweliksgeluk ten volle kan ervaar:

*“So sal sy in jou lewe
die huisvrou van jou jeug
aan jou die volheid gewee van huiselike vreug” ...
...O wie van die getal is, Hy wat die Here vrees
vir wie God een en al is, Hy sal geseënd wees.*

Sing: Psalm 128:1,2 (Totiusberyming) Ds. Landman Vogel (Walvisbaai en Hentiesbaai)